# HOOFSTUK 9

DIS 'n ver ent om te stap en 'n rolstoel oor gruis te stoot tot by mister Dowie se huis. Ek, Melvin en Adrian gaan vir mister Dowie kuier as hy dan nou nie na ons toe kan kom nie. Ons is maar bekaf. Ons speurtog het nie veel opgelewer nie.

"Ai, dis nou jammer julle planne het geflop," het Verna gesê toe ons haar vertel het wat gisteroggend gebeur het. Sy het gelukkig ingestem om kywie te hou terwyl ons na mister Dowie toe gaan. Sy hoop seker dat mister Dowie haar weer by die dansklasse kan laat uitkom.

Almal is gespanne toe ons by mister Dowie se huis aankom.

**"WAT MAAK JULLE HIER?** Weet Matrone julle het so ver op julle eie rondgedwaal?" vra mister Dowie bekommerd toe hy ons sien.

"Ons ... wo... worry, mister Dowie," antwoord Melvin dapper.

"Ai, jammer, kinders. Ek was siek en het maar eerder by die huis gebly tot ek beter voel."

Mister Dowie nooi hulle in en begin koeldrank skink. Adrian en Luke vertel van die rugbytoer en Verna wat nie meer dansklasse kan bywoon nie.

"Ons het toe hierdie foto's in Matrone se kantoor gaan neem. Ons het gehoop om iets oor die kinderhuis se geldsake uit te vind," praat Melvin nou sonder om te hakkel.

Mister Dowie luister met 'n ernstige gesig na ons vermoede en oor ons

